WENNERS AANGEKONDIG BY DIE EERSTE JAARLIKSE FILMIT TOEKENNINGS

Op Donderdagaand 9 Desember het genomineerdes van die hoërskool kortfilmkompetisie Filmit by Atlantic Studios in Kaapstad bymekaar gekom om die afsluiting van die Filmit kompetisie te vier en uit te vind wie wenners in die onderskeie Filmit kategorieë is. Die opwinding van die leerders was tasbaar. Die leerders het die kans gehad om skouers te skuur met akteurs en Filmit mentors Deon Lotz en Nicole Fortuin. Dit was ook vir die leerders ‘n groot voorreg om vir Dean Smith en Natasha van der Merwe van Suidooster-faam te ontmoet. Van die wenners het ook die geleentheid geniet om met Bradley Joshua (vervaardiger en eienaar van Gambit Films) te gesels. Bradley Joshua het gedien op die Filmit beoordelaarspaneel en sal ook van die wenners mentor as deel van hul pryspakket. Marques Bosch van WeBuyCars het as verteenwoordiger vir Filmit se hoofborge (Atterbury en WeBuyCars) opgetree en die groot prys (Beste Film) oorhandig.

Zia Geldenhuys (Hoër Meisieskool Bloemhof) het eiehandig vervaardig aan die kortfilm ‘Theatre Kid’. Sy het weggestap met vyf toekennings, saam met haar mede-spanmaat en jong akrise Luchuané Hechter. Zia het toekennings in die volgende kategorieë ontvang: Beste Film, Beste Musiekredigering, Beste spesiale effekte en kreatiwiteit op stel, Beste redigering, en Beste Draaiboekskrywer.

Aktrise Logan Davids van Mitchell’s Plain Hoërskool het weggestap met die Beste Aktrise toekenning vir haar spel in die kortfilm ‘Too bright to shine’. Haar opgewondenheid was aansteeklik en die oomblik groot toe sy haar aangestelde mentor, Nicole Fortuin (Blood and Water, Flatland, Alles Malan) ontmoet. Davids het ook namens haar mede-akteurs by Mitchell’s Plain Hoërskool die toekenning vir Beste Ensemble aanvaar.

Worcester Gimnasium het beoordelaars veral beïndruk met die hoë produksie- en uitsaaiwaarde van hul dokumentêr ‘Conflict: a journey to passion’. Die leerders is stomgeslaan deur hul twee toekennings en die ‘Special Jury Award’ wat aan hulle toegestaan is deur die beoordelaarspaneel. Jaeden Beukes het weggestap met die toekenning vir Beste Regisseur en Hope Dliso met die toekenning Beste Oorspronklike lied.

Paul Roos Gimnasium het ook weggestap met twee toekennings – Ian Lubbe met Beste Plakkaatontwerp en Christiaan Heydenrych met die Beste Oorspronklike Klankbaan.

Volledige wenlys op Bladsy Twee

Media navrae: Luna Paige, media@paulroos.co.za

FILMIT 2021 WENNERS

Beste Film: Zia Geldenhuys, Theatre Kid, Afrikaanse Hoër Meisieskool

Beste Regisseur: Jaeden Beukes, Conflict: A Journey to Passion, Worcester Gimnasium

Beste Draaiboekskrywer: Zia Geldenhuys, Theatre Kid, Hoër Meisieskool Bloemhof

Beste Kinematografie / Kamerawerk: Michael Lighton, Cascade, Rondebosch Boys' High

Beste Redigeerder: Zia Geldenhuys, Theatre Kid, Hoër Meisieskool Bloemhof

Beste Spesiale Effekte en Kreawiteit op Stel: Zia Geldenhuys, Theatre Kid, Hoër Meisieskool Bloemhof

Beste Plakkaatontwerp: Ian Lubbe, Duwweltjie, Paul Roos Gimnasium

Beste Kostuumontwerp: Riyago Maartens, A Magician Never Reveals His Secrets, Curro Durbanville

Beste Oorsponklike Lied: Hope Dliso, Conflict: a journey to passion, Worcester Gimnasium

Beste Oorspronklike Klankbaan: Christiaan Heydenrych: Duwweltjie, Paul Roos Gimnasium

Beste musiekredigering: Zia Geldenhuys, Theatre Kid, Hoër Meisieskool Bloemhof

Beste Aktrise: Logan Davids, Too bright to shine, Mitchell's Plain Hoërskool

Beste Akrise in 'n Ondersteunende Rol: Isabella Cupido, A Magician Never Reveals His Secrets, Curro Durbanville

Beste Akteur: Xavier Griqua, Status Bewus, Kalahari Hoërskool

Beste Akteur in 'n Ondersteunende Rol: Tristan Badenhorst, The Gingerbread House, Afrikaanse Hoër Meisieskool

Beste Ensemble: Too bright to shine, Mitchell's Plain Hoërskool

Special Jury Award: Conflict: a journey to passion, Worcester Gimnasium

Fotos aangeheg

Media navrae: Luna Paige, media@paulroos.co.za